

Vrydag 30 Mei 2014

Ek het die week die Kairos kursus aangebied saam met 'n span by Ywam se DTS in Muizenberg, Slaapstad. Die eerste twee dae was 'n geestelike stryd met miskommunikasie, pakkies werksboeke wat sloer, siekte en houdings, maar die Here het deurgebreek en 'n diep werk in baie van die jongmense se lewens gedoen. 'n Friemersheimer is juis op hierdie DTS (Discipleship training school), ons staan verwonderd oor hoe die Here hierdie hiper skaam meisie laat ontpop het in 'n borrelende huppelende bondel vreugde.

In my afwesigheid het die groot griep voort gestoomroller in ons gesin en die jongste slagoffer is Mikael wat amper die hele week skool gemis het.

Saterdag 31 Mei

Vandag is Vroutjie-verjaarsdag, so inkopies was my Comrades. Ek dog ek is fiks maar kom toe agter fiksheid is relatief veral in die inkopiesentrum omgewing. Na 2 ure se inkopies het ons behalwe een tong wat op die grond sleep, darem een paar stewels om te wys. Die feit dat ek saamgedrentel het was vir Popsie Paula 'n groter geskenk as die stewels wat ek vir haar gekoop het vir haar verjaarsdag.

Sondag 1 Junie 2014

Van Comrades gepraat, ons vriendin Rene stuur iets op Whatsapp in die volgende lyn:

Vandag is vir haar 'n mylpaal want dit is die 30ste jaar wat sy nie die Comrades doen nie. Sy wil ook net dankie se vir haar borge Cadbury en Coke - sonder hulle sou sy dit nooit kon regkry nie.

Paula het vandag gepreek in die VGK Friemersheim gemeentetjie op ons voorstoep, dis nou nie elke dag dat sy vir haar man en kinders ook kan preek sonder dat hulle terugpraat nie. Met die dat sy 'n slukkie water vat agter die kansel moes sy haar lag bedwing, die Mainstay embleem op die glas het haar vierkantig in die oë gestaar. Dit was darem net skoon water, volgens haar in elk geval.



Vanaand was ons selgroep weer by ons huis. Arend is 'n uitstekende storieverteller en het ons behoorlik laat skater met die vertel van die Weskussers en hul byname soos Oom Botter, Tannie Stoot en Oom Giftand. Ons hou darem Bybelstudie ook so tussen die stories deur.

Maandag 2 Junie 2014

Met die dat ons hoof ondersteunende gemeente hul maandelikse ondersteuning halveer het, moet ons die Here weer meer vertrou vir ons baie behoeftes, dit is goed vir ons geloof. Vandag het ons uit 'n onverwagse oord 'n klomp kos persent gekry en kon ons die koskaste wonderbaarlik opvul, die Here bewys Homself darem altyd weer en weer as 'n goeie Vader.

Dinsdag 3 Junie 2014

Ek het myself vandag geweeg en ontdek ek het al meer as 7 kg verloor met Tim Noakes se omstrede leefstyl dieet waarmee ek eksperimenteer. My vroutjie is egter nie so opgewonde dat ek my neus optrek vir haar gebak en dat sy nou haar tjoklits alleen moet opeet nie.

Ek lei die week die pinksterbidure in by die gemeente in Friemersheim. Gelukkig het ek (en die Here) 'n gesonde selfbeeld anders sou ons teneergedruk gewees het met net 5 mense wat die koue trotseer het. Ek het in elk geval 'n ontdekkings Bybelstudie en saambid beplan wat toe eintlik lekkerder werk in die klein groep.

Vrydag 6 Junie 2014

Brian Hogan, ons groot Amerikaanse vriend, het 'n kort kuiertjie ingewerk oppad terug van Mosambiek af. Ek vat hom toe Oudtshoorn toe vandag, gelukkig is die grotte warm want dit was -1.5 grade celsius buite.



Oppad uit die grot hoor ek net doef toe ek omkyk sit Brian op sy agterstewe, hy het sy kop teen die grot se klipplafon gestamp. Gelukkig was hy dadelik weer by want ek weet nie hoe ek sy sowat 120 kg lyf daar sou uitgesleep het nie. Gelukkig het die volstruisplaas so entjie daarvan hom en vir my die "voorreg" van 'n nek masering deur die volstruise gebied as verligting, dit was nogal 'n lagwekkend bizarre ervaring.



Sondag 8 Junie 2014

Op vandag se Pinkster en Wereld gebedsdag is dit toe bonatuurlik beplan dat ons op les 6 van die kairokursus in Mosselbaai is wat ook juis op gebed fokus. Ons het 'n spesiale tyd gehad aan die Here se voete en Sy Heilige Gees se teenwoordigheid was tasbaar.

Dinsdag 10 Junie 2014


'n Klein fyn Koreaanse gesinnetjie het by ons Ywam span in Mosselbaai aangesluit, die kinders lyk soos 'n Oosterse weergawe van Cupie poppies. Die Koreaanse kultuur is nogal anders, hulle hou van voorskrywende leierskap. As 'n leier vir een se, "Doen dit as jy wil" dan dink hy jy wil nie rerig he hy moet dit doen nie.

Dongsu, die man, gaan ons help met 'n website en rekenaardinge in die span - 'n groot leemte tot dusver. Ons geniet hulle en by vandag se spanvergadering was die Korhaantjie weer in sy element.



Vrydag 13 Junie 2014

Vanoggend, twee weke voor ek vlieg, kon ek deur 'n nog 'n paar wonderwerke die laaste kaartjies bekom vir my reis na Mosambiek. Terwyl ek voorberei vir die 2 weke klasgee daar is die kinders druk besig om te leer vir die eksamen. Timon leer fluks maar hoe Mikael so goed doen gaan my verstand te bowe. Die kind is steeds 'n kinestetiese leerder en het vanmiddag in ons bed plat op die rug met sy Ma se serp om die kop hardop die leerwerk gedrama.



Woensdag 25 Junie 2014

Ek is veilig in Inhassunge, 'n eiland in die Zambezi delta hier naby Quelimane, Mosambiek. Ek gee die week klas oor hoe om 'n taal aan te leer by die school of Frontier Missions, volgende week handel my lesings oor kruiskulturele kommunikasie. Ek voel so tuis hier en dit is so lekker om weer in Mosambiek te wees, ek het al weer vergeet hoe lief ek is vir die land. Die opleiding hier voel soos my kleinkind, die skoolleier en personeel is almal mense wat ons opgelei het en nou bied hulle op hulle beurt self die opleiding aan. Die Here het wonderlik voorsien in elke behoefte en dit is 'n groot geloofsprong vir die personeel en studente wat almal Afrikane is.

Vrydag 27 Junie

Vandag se lofprysing saam met die studente was iets besonder, die Here se vreugde is so tasbaar as die Mosambiekers dans en die Here op hul eie kulturele manier prys, selfs die kinders neem meer as 'n halfuur voluit deel.



Vrydag 4 Julie 2014

My besoek hier staan einde se kant toe en ek gaan terug met gemengde gevoelens, ek geniet dit so om hier opleiding te gee en om 2 weke se winter te mis is nie te versmaai nie. Ons het in die laaste week wonderlike goed gesien gebeur: mense wat namens hul stamme vergifnis vra vir tribalisme, die Here se kragtige teenwoordigheid terwyl ons op Hom wag vir Geesvervulling, studente wat hulle self bereid verklaar om te sterf vir hulle geloof, die Here wat deur studente profetiese woorde vir ander studente gee, studente wat elke woord gulsig verslind en 'n ekstra uur per dag inruim om meer te hoor. Elke student en personeellid het hulself verbind aan die bereiking van 'n onbereikte volkegroep en hulle is oppad sonder enige noemenswaardige finansiële ondersteuning maar met sakke vol geloof .

Ek kan egter nie wag om vir Popsie Paula en die rakkers weer Maandag te sien nie. My grootste toets was soos Paula voorspel het om dankbaar te wees vir die kos. Ek hou eintlik van Mosambiekse kos maar Tim Noakes sal nie baie boeke onder die Mosambiekers verkoop nie om die minste te se oor die lae vet, hoe stysel-dieet hier. Nou nie dat hulle nodig het om 7 kg te verloor nie.

Groetnis

Fred namens 'n inkopiesentrum fikse, haar flukse en kinestetiese leerders, die volstruis masseuses, stysel- en Geesvervulde studente asook die ander Tim Noakeslose Mosambiekers

Bankbesonderhede
F. Berrington
Lopende/tjek rek

Rek no 1983036374

Westgate tak

takkode 198341